

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 1

17 Januarie 2020

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

Baie welkom terug aan almal na ‘n kort, maar heerlike vakansie. Dit is wonderlik dat ons as Newtonparkfamilie na so ‘n lang vakansie kan terugkom sonder ernstige voorvalle (waarvan ek weet). Ek vertrou dat almal lekker gerus het en glo dat julle reg is vir die uitdagings van 2020. Mag die Hemelse Vader gedurende hierdie jaar met ons almal wees.

WELKOM AAN ALLE NUWE OUERS
Baie welkom aan alle nuwe Newtonparkgesinne. Ons vertrou dat u en u kind(ers) gou by ons tuis sal voel. Raak asseblief betrokke by die aktiwiteite. Ons sien uit daarna om u eerskomende Maandagaand by die inligtingsvergadering te verwelkom.

INLIGTINGSAAND MAANDAG, 20 JANUARIE 2020 OM 17:30
Alle ouers word vriendelik uitgenooi na die inligtingsaand wat in die skoolsaal om 17:30 begin. U word vriendelik versoek om ‘n spesiale poging aan te wend om die inligtingsvergadering by te woon. Nadat u die skoolhoofgesprek bygewoon het, sal u die geleentheid kry om u seun/dogter se klasopvoeder(s) te ontmoet. Belangrike uitdeelstukke sal tydens die klasvergadering aan ouers gegee word. Terwyl die vergadering aan die gang is, sal daar toesig vir u kind(ers) in die vierkant wees.

Daar is vandag ook ‘n brief saam met u kind huistoe gestuur rakende die oueraand. Die afskeurstrokie moet asb. Maandag by die klasonderwyser ingehandig word.

NUWE ONDERWYSERS
Ons wil al die nuwe onderwysers verwelkom by die skool. Ons hoop dat julle werklik gelukkig by Laerskool Newtonpark sal wees.

Gr. 1D: Juf. Liesel de Wet
Gr. 1R: Juf. Elmay Robinson
Gr. 3D: Juf. Luzanne Dippenaar
Gr. 6S: Mnr. Stephan Swanepoel

KLASINDELINGS
Ek wil u verseker dat daar baie tyd spandeer is om elke kind volgens hulle behoeftes en geaardheid, die klasopvoeder en die maats in die klas, in die klasse in te deel. Geen leerling is lukraak ingedeel nie, daarom versoek ons u vriendelik om ons nie te nader vir aanpassings nie, tensy dit uiters noodsaaklik is.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING: DONDERDAG, 30 JANURIE 2020 OM 17:30
Die kennisgewing van nominasie- en verkiesingsvergadering vir die kies van een (1) ouerverteenwoordiger is alreeds op Donderdag 16 Januarie 2020, aan u gestuur. Neem asb. kennis van die inhoud daarvan.

Ons versoek u om asb. die afskeurstrokie te voltooi en na die klasonderwyser terug te stuur.

Teken asb. die datum in u dagboek aan.

TENNISBAAN SLOTTE EN SLEUTELS
Ons gaan Maandag, 20 Januarie, die tennisbane te Geraldstraat, se slotte verander. Ouers wat tans in besit is van tennisbaansleutels moet dit asseblief by die kantoor kom vervang. Indien u al meer as ‘n jaar ‘n sleutel het, versoek ons dat u dit kom vervang en die jaarlikse fooi van R200 vereffen. Indien u sleutel verlore is, sal die koste R220 beloop vir ‘n nuwe sleutel.

OP- EN AFLAAI VAN LEERLINGE
Ons ontvang talle klagtes van ouers en inwoners dat ons ouers nie die padreëls gehoorsaam nie. Ons verneem dat ouers dubbel parkeer, teen die verkeer parkeer, voor die inwoners se opritte parkeer, ens. Ons vra u om asseblief die padreëls te gehoorsaam. Ons maak staat op u samewerking.

GEBRUIK VAN HOOFINGANG VAN SKOOL
Die hoofingang is daar as u as ouer by die administratiewe blok van die skool wil wees of as u vir ‘n saalbyeenkoms na die skool kom. Die leerders moet word wanneer hulle skool toe kom of huis toe gaan by die ander hekke van die skool af- en opgelaai word.

OUERS IN SKOOLGANGE EN BUITE DIE GRAAD 1- KLASSE
Ons rig ‘n ernstige beroep tot ons ouers om asseblief nie tydens skoolure direk na die klasse te gaan nie. Behalwe dat dit professioneel nie korrek is nie, skep dit vir ons veiligheidsprobleme. Meld asseblief te alle tye by ontvangs aan en ons sekretaresses sal uit hul pad gaan om u te help.

Ons versoek ook ons graad 1-ouers om nie by die hoofhek in te kom en vir u kind voor die klasse te wag nie. Die gedruis van ouers wat vroeg kom, is steurend vir die klasse en trek die kinders se aandag af. Wag liewer buite die terrein by die hekke waar hulle sal uitkom. Dankie vir u begrip en samewerking.

KOSPAKKIES
Ons wil u vriendelik vra om vir u kind ‘n goed, gebalanseerde kospakkie skooltoe in te pak. Om werklik hul beste te gee moet die leerders goed eet. Ons vra u ook vriendelik om die kospakkies saam met die leerlinge te stuur en dit nie voor pouse by die sekretaresses af te lewer nie. Dit skep net probleme.

As ‘n leerling verjaar en u wil koek of eetgoed vir die klas stuur, moet u asseblief eers die klasonderwyser kontak om reëlings te tref.

KLEREDRAG VAN LEERDERS
U het die voorskrifte van die skool se kleredrag. Ons versoek u vriendelik om daarby te bly. Die dra van die skoolbaadjie is verpligtend tydens saalbyeenkoms op Maandae.

SKOOL- EN KLEREWINKELTYE
Ons bevestig net dat die skool vanjaar weer stiptelik om 07:45 begin en versoek u vriendelik om u kind betyds vir skool af te laai.

SKOOLTYE

Graad R	07:45 – 13:00 (Ma – Do)
Graad 1 – 2	07:45 – 13:30 (Ma – Do)
Graad 3	07:45 – 14:00 (Ma – Do)
Graad 4 – 7	07:45 – 14:15 (Ma – Do)
Graad R – 7	07:45 – 12:35 (Vrydae)

KLEREWINKELTYE

Maandae	07:30 – 12:00
Woensdae	12:00 – 14:30
Vrydae	07:30 – 12:00

HUISWERK
Ons wil tog vir u vra dat u hierdie jaar sommer van die begin af sal toesien dat die leerlinge gereeld hul huiswerk en ook sommer gereeld hersiening sal doen. Elke kind **moet** 'n ordentlike huiswerkboekie (dagboek-tipe) hê en u moet asseblief gereeld uself vergewis of daar iets in staan. Daar is geen verskoning vir leerlinge wat nie huiswerk doen nie. Boeke wat by die huis vergeet word, word beskou as huiswerk wat nie gedoen is nie.

SNOEPIE-HULP
Die snoepie maak staat op ouerhulp wat dringend benodig word. Persone beskikbaar kan Christa Slabbert by 076 6873 699 skakel.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2020
Soos reeds aan u deurgegee, beloop die skoolgeld vir die jaar soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 – 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R14 700	R 1 470	R 1 337
Tweede kind	R13 400	R 1 340	R 1 219
Derde kind	R 9 300	R 930	R 846
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
Graad R (Maandeliks vooruit)	R14 700	R 1 470	R 1 337

NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM: – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAALBAAR				
	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	***MUSIEK: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR***	
13:00/13:30 – 14:00	R 4 860	R 1 215	***PERIODE(S) P/W***	***PER MAAND (10 MNDE)***
14:00 – 17:30	R 7 160	R 1 790	*1*	*R 190*
13:00/13:30 – 17:30	R 8 360	R 2 090	*2*	*R 295*
			3	*R 430*

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2020. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of direk in ons bankrekening betaal.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 29 Februarie 2020 sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2020 ‘n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE
Indien u om verligting van skoolgelde wil aansoek doen, moet u die nodige vorms by Mev. Laas afhaal en **voor of op 29 Februarie 2020**, vir oorweging deur die beheerliggaam, by haar inhandig. Die vorm moét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees.

Geen vrystellings wat in 2019 toegestaan is, word na 2020 oorgedra nie.

ELEKTRONIESE BETALINGS
REKENINGNAAM **LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK **ABSA**
REKENINGNOMMER **1400490089**
TAKKODE **632005**
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam en verskaf. ‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTES VIR DIE WEEK:

As ons tot volle potensiaal wil kom, moet ons seker wees van ons identiteit. Ons het elkeen 'n identiteit in Christus waarmee Hy ons geskape het sodat daar 'n taak is wat net jý kan afhandel op hierdie planeet aarde. Niemand anders kan jou plek vul nie!

In die hele wêreld is daar niemand soos jy nie! Niemand het jou glimlag, jou stap of jou lag nie! Jy is spesiaal. Daar is niemand met jou natuurlike vaardighede en talente nie. Jy is geskape met 'n spesifieke doel. Jy is geseën om 'n seën te wees vir almal rondom jou.

(Karakterbou volgens Nehemia : Elsabé Diederichs)

Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.
Filipense 4:13

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 20 Januarie	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Inligtingsaand graad R – 7: **17:30**
Di – 21 Januarie	:	Dance Kids Opedag: **11:15** Nasorgvergadering: **17:30**
Wo – 22 Januarie	:	Klerewinkel: **12:00 – 14:30** **Atletiek velditems : Huisbyeenkoms te Geraldstraat**
Do – 23 Januarie	:	Graad R: Kindermusiek Opedag **09:00 – 10:00** **Atletiek huisbyeenkoms graad 1 – 7 by Oval**
Vr – 24 Januarie	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Dance Kids ballet graad R: **9:45** Future Kings Meisies Opedag Graad R – 3: **11:00** Drama graad R – 2: **12:45 – 13:30** Drama graad 3 – 7: **12:45 – 13:45**
Sa – 25 Januarie	:	Swem: C-Age Group Gala (Sunridge)